



THINGS THAT GO BUMP IN THE NIGHT

Rosa Keet

[Uit: Hysteria, 1974]



H.H. KRYNAUW
Eastern Cape Education Department

AFRIKAANS

1. jy los my alleen
2. in 'n huis vol geluide
3. en hoe minder ek probeer luister
4. hoe harder klink die klank
5. van 'n onbekende voetstap
6. op die donker trap
7. bang vaak verdwaal ek laat
8. in die gange op soek
9. na slaap
10. wat om elke naghoek verdwyn
11. ek skrik
12. vir die naaldekokerstraatlig
13. deur skaars bewegende blare
14. jou jas aan die kapstok
15. is 'n man sonder bene
16. ek is bang
17. vir die stofsuierslang
18. op die vloer van die spens
19. en tot jy terugkom
20. sleep ek my vlees
21. soos 'n kis agter my aan

ENGELS

1. you leave me alone
2. in a house full of sounds
3. and the less I want to listen
4. the louder the noise sounds
5. of a strange footstep
6. on the dark staircase
7. scared and sleepy I roam around
8. in the passages
9. in search of sleep
10. which disappears around every dark corner
11. I'm frightened
12. of every dragonfly street lamp
13. through leaves that hardly move
14. your jacket on the coat stand
15. is a man without legs
16. I'm scared
17. of the vacuum cleaner snake
18. on the floor of the pantry
19. and until you return
20. I drag my flesh behind me
21. like a coffin or a box



BESPREKING EN VRAE

Hierdie gedig is getoonset deur Clarabelle van Niekerk en word gesing deur Mynie Grové. Die woorde en titel is effens verander. Die titel is "Jy los my alleen". Dit is een van die snitte van haar CD, A Portrait of Mynie Grové.

In Afrikaans is die titel: Dinge wat in die nag val of dinge wat 'n mens in die nag bang maak. Dis 'n gesegde wat veral teenoor kinders gebruik word. In die nag hoor 'n mens soms geluide en jy weet nie waardeur hulle veroorsaak word nie. Omdat jy nie weet nie, maak dit jou bang en jy kan nie slaap nie.

Daar is geen hoofletters of punktuasie in die hele gedig nie. Die gedig begin met “jy los my alleen” en beweeg dan met behulp van enjambemente tot aan die einde van die laaste reël. Die funksie hiervan is om die vrees wat sy voel aan die leser oor te dra. Daar is egter drie aparte reëls wat meer beklemtoon word, al lyk dit asof al die reëls ewe veel klem dra. Hulle is “na slaap”, “ek skrik” en “ek is bang”. Die laaste twee is eintlik herhalend en wil vir die leser oordra hóé bang sy is.

Daar is veral vier interessante vergelykings / metafore in die gedig. Die straatlig word vergelyk met 'n naaldekoker. Ons weet dat 'n naaldekoker wat vlieg altyd vir 'n paar oomblikke bokant 'n plek huiwer en dan verder beweeg. Dit is miskien die lig wat deur die blare skyn wat die vorm van die naaldekoker aanneem of die feit dat dit vir 'n rukkie doodstil is en dan weer tussen die "skaars bewegende blare" verdwyn.



'n Ander metafoor is die jas wat 'n man sonder bene is. Die woord "is" is belangrik omdat haar vrees haar wysmaak dat dit 'n misvormde persoon is wat in die donkerte na haar kyk. Ons het al almal die ervaring gehad dat ons 'n vorm sien wat lyk soos iets gevaarliks of snaaks.

Die derde metafoor is die "stofsuierslang" wat haar bang maak. Oor die algemeen is ons almal bang vir goed soos slange en spinnekoppe en in die donker sal so iets ons laat skrik, want ons is alreeds sensuweeagtig omdat ons vreemde geluide gehoor het!

Laastens vergelyk die spreker haar eie liggaam (vlees) met 'n kis. Syself wil ontsnap of wegkom van die gevaar waarin sy verkeer, maar haar liggaam is 'n las wat sy moet saamsleep. (In die fliek THE MISSION waarin Robert de Niro die rol van 'n hervormde priester gespeel het, sleep hy sy "sondes" in die vorm van swaarde en sabels agter hom aan terwyl hy teen steil kranse moet uitklim.)

In hierdie gedig word die liggaam wat die spreker eintlik sal wil "red" in 'n gevaarlike situasie, die las wat sy moet dra. Die woord "kis" laat ons ook aan die dood dink en daarvoor is ons ook bang.

Dwarsdeur die gedig hoor ons van "jy" en "jou". Ons weet nie spesifiek wie die persoon is nie, maar dit kan enige iemand wees op wie die spreker gewoonlik kan staatmaak. Dit kan wees dat dit 'n kind is wat alleen by die huis is en wag vir sy of haar ma / pa. Dit kan wees dat dit 'n jong vrou is wat vir haar man of geliefde wag.

1. jy los my alleen
2. in 'n huis vol geluide
3. en hoe minder ek probeer luister
4. hoe harder klink die klank
5. van 'n onbekende voetstap
6. op die donker trap
7. bang vaak verdwaal ek laat
8. in die gange op soek
9. na slaap
10. wat om elke naghoek verdwyn

onbekende:
(unknown): dit wat
ons nie ken nie

vaak (sleepy):
lus om te slaap

naghoek: (dark corner
of the house): donker
hoek van die huis



1. ek skrik
2. vir die naaldekokerstraatlig
3. deur skaars bewegende blare
4. jou jas aan die kapstok
5. is 'n man sonder bene
6. ek is bang
7. vir die stofsuierslang
8. op die vloer van die spens
9. en tot jy terugkom
10. sleep ek my vlees
11. soos 'n kis agter my aan

naaldekokerstraatlig:
dragonfly: die straatlig
lyk soos 'n naaldekoker
deur die bewegende
blare

skaars bewegende
(*hardly moving*):
beweeg baie min

kapstok (*hall stand*):
stok met knoppe
waaraan jasse of
hoede gehang word

vlees (*flesh*):
liggaam, lyf

spens (*pantry*):
stoorplek vir
kos

stofsuierslang (*vacuum
cleaner*): die stofsuier
se pyp lyk soos 'n slang

kis (*coffin*)

Vrae

1. Na wie verwys “jy” en “my” in die eerste versreël van die gedig? (2)
2. Noem een van die “geluide” waarna die spreker verwys. (1)
3. Wat is die moontlike oorsaak van die geluid wat sy hoor (a) werklik en (b) in haar verbeelding? (2)
4. Verduidelik wat bedoel word daarmee as sy sê dat sy in die gange soek na slaap? (2)
5. Gee drie voorbeelde van die spreker se aktiewe verbeelding. (3)
6. Gee bewyse uit die gedig dat die spreker in die huis rondloop. (3)
7. Gee twee voorbeelde van metafore wat in die gedig voorkom. (2)
8. Gee ’n ander woord vir “vlees”. (1)
9. Wat beteken die vergelyking in die laaste twee reëls? (2)
10. Haal twee afsonderlike versreëls aan wat bewys dat die spreker benoud is. (2)

Moontlike antwoorde

1. “jy” is die persoon wat weggegaan het en “ek” is die persoon wat agterbly.
2. 'n Voetstap op 'n trap.
3. Dis miskien die huis wat warm was en in die nag afkoel. As dit gebeur hoor ons kraakgeluide wat soms klink asof iemand loop. In haar verbeelding hoor sy 'n moontlike inbreker wat haar wil aanval.
4. As sy eers gerus voel, sal sy aan die slaap kan raak. Nou moet sy die oorsaak van die geluide opspoor.
5. Sy sien 'n straatlig aan vir 'n naaldekokker; sy dink die stofsuier se pyp is 'n slang; 'n jas aan 'n kapstok lyk vir haar soos 'n man sonder bene.
6. Sy beweeg van die trap in die gang na 'n venster en dan na die spens.
7. Naaldekokkerstraatlig / stofsuierslang
8. Liggaam
9. My liggaam is die rede vir my bangheid. Ek probeer my liggaam teen aanvallers beskerm en dit word dus vir my 'n las.
10. “ek skrik” / “ek is bang”